15 Januarie 2024

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons verwelkom elke Laerskool Secunda gesin terug. Ons hoop dat die feestyd en die tydjie saam met u kind besonders was. Mag 2024 vir elkeen 'n geseënde jaar wees en mag ons dankbaar en doelgerig leef.

Dit is 'n nuwe jaar met nuwe geleenthede wat ons pad kruis. Laat ons elke dag voluit lewe en dankbaar wees vir genadegawes en talente. Laat ons hande vat en net die beste vir ons kosbaarste besittings, ons leerders, verseker.

Nuwe L/S Secunda leerders

'n Spesiale welkom aan al ons nuwe Laerskool Secunda maats en ouers wat vir die eerste keer by ons aansluit. U is nou deel van die Laerskool Secunda familie waar ons werklik vir mekaar omgee. Mag u elkeen spoedig tuis voel.

Personeelsake

Dit is met groot vreugde dat ons die nuwe personeel by ons skool verwelkom:

- Mnr. Barend Bezuidenhout sluit aan by ons Intersenfase.
- Mnr. Marco Viviers en Mnr. Ruben Silvo sluit by ons aan as studenteonderwysers.
- Juf. Christina Kleingeld sluit aan by ons kleuterskool.
- Juf. Shane de Bruyn wat by ons administratiewe kantoor aansluit.

Gelukwense aan mej. Minnelize Whitlock wat aangestel is as ons skool se nuwe kommunikasie-en bemarkingsbestuurder.

Baie welkom aan al die wennerpersoneel. Ons weet julle gaan baie vreugde vind by Laerskool Secunda.

Beheerliggaam Verkiesing

Dagboek die belangrike datum –
DINSDAG, 5 MAART 2024

LAAT JOU STEM TEL VIR ONS SKOOL

Die pad vorentoe is in ons ouers se hande

VOLDAG VERKIESING

(meer inligting volg binnekort**)**

Klerewinkel tye

Spesiale 2024 klerewinkel tye:

Maandag	15 Januarie 2024	12:00 – 13:30
Dinsdag	16 Januarie 2024	12:00 – 13:30

Vanaf 23 Januarie 2024 keer ons terug na normale klerewinkel tye:
(Dinsdae en Woensdae)

Dinsdag	23 Januarie 2024	16:00 – 17:00
Woensdag	24 Januarie 2024	13:30 – 14:15

Graadhoofde/Departementshoofde

Vir u gerief noem ons graag die graadhoofde en departementshoofde aan u:

Graad RRR: Juf. Benita Schoeman
Graad RR: Juf. Melinda Ebersohn
Graad R: Juf. Janine Dippenaar
Fasehoof: Juf. Michelle Jansen van Vuuren

Graad 1: Juf. Marthinette Nortje
Graad 2: Juf. Nicola Steyn
Graad 3: Juf. Lizelle Venter
Grondslagfase Departementshoof: Juf. Walmarie Fourie

Graad 4: Juf. Elize Trollip
Graad 5: Juf. Karien Snyman
Graad 6: Juf. Elaine Bezuidenhout
Graad 7: Juf. Erika Chamberlain
Intersenfase Departementshoof: Juf. Elna Botha
Opvoedkundige Leiding Departementshoof: Juf. Magda du Plessis

Belangrike reëlings vir alle leerlinge en ouers rakende die eerste skooldag: 17 Januarie 2024

Graad 1: Vergader om 07:30 in die saal.

Graad R: Vergader om 08:00 in die saal.

Graad RR & RRR: Vergader om 07:30 in die MC Rall Sentrum.

Nuwe gr. 2-7 EN LSOB-Leerders: Vergader om 07:30 in die personeelkamer.

Al die bogenoemde leerders mag deur hulle ouers vergesel word. Indien u nie saam met u kind kan agterbly nie mag hul, met hul tasse, na hulle verskeie klasse gaan waar elkeen se juffrou hom/haar sal ontvang.

Graad 2-7 en LSOB-leerders wat reeds ingeskryf is en bekend is met die skool:

Al die leerders plaas hul tasse by die vorige jaar se klasse en gaan wag op die pawiljoen waar hul in hul nuwe klasse ingedeel sal word.

(Gewone ure 06:50 – 07:30)

Ouer inligtingsaande 2024:

Ons ouer inligtingsaande vir graad RRR-7 vind plaas op die volgende datums vanaf 18:00 – 19:00:

Graad RRR-3: 22 Januarie 2024

- Gr. RRR – Gr. R – Klasse
- Gr. 1-3 – Klasse

Graad 4-5: 23 Januarie 2024

- Gr. 4 – Saal
- Gr. 5 – MC Rall sentrum

Graad 6-7: 24 Januarie 2024

- Gr. 6 – MC Rall sentrum
- Gr. 7 – Saal

Skoolure 2024

Graad RRR tot R 17 Januarie – 2 Februarie 2024 Maandag tot Vrydag: 07:30 – 12:30 Vanaf 5 Februarie 2024 Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:00 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**	**Graad 1** 17 Januarie – 2 Februarie 2024 Maandag tot Vrydag: 07:30 – 12:30 Vanaf 5 Februarie 2024 Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:20 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**
Graad 2, 3 en LSOB Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:20 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**	**Graad 4-7** Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:30

Leerders in gr. RRR – 1 kan in die oggende tot by hul klasse vergesel word (enige tyd vanaf 06:50 tot 7:30), en weer in die middae by hul klasse afgehaal word.

Bokkiesport – Donderdag, 18 Januarie 2024

Graad 1-2 leerders

- (Normale skool vir die res van die skool gr. 3 - 7).

18 Januarie 2024

- Skool begin gewone tyd om 07:30
- Opening 08:00
- Direk na afloop van die byeenkoms mag die leerders huis toe gaan. Daar sal ‘n wagklas beskikbaar wees tot en met 13:30.

Inligting vir die dag is as volg:

- Items: (plasings)
  60 m
  80 m
- Lekker ervaring en blootstelling:
  Gewigstoot
  Verspring
  Hoogspring
- Kleredrag:
  Elande: wit
  Gemsbokke: geel
  Koedoes: rooi
  (Die indeling vind op die eerste skooldag plaas)
- Benodighede: sonskerm en water
- Die ouers is welkom om die atletiekdag by te woon.
- Ingang: R10 per persoon.

Bokkesport – Vrydag, 19 Januarie 2024

Gr. 3-7 leerders

- (Geen skool vir gr. 1-2 leerders nie a.g.v. personeel wat moet optree as beamptes. Wagklasse is beskikbaar vanaf 07:30 – 13:30 en nasorg tot 17:30).
- (Normale skool vir gr. RRR tot gr. R-leerders).

19 Januarie 2024

- Al die leerlinge vanaf gr. 3-7 moet reeds om 07:20 aantree sodat daar register geneem kan word.
- Bokkesport opening: 08:00
- Die byeenkoms behoort om 13:30 afgehandel te wees.
- Die leerders moet asseblief hul skooltasse saambring. Indien dit reën sal daar klas wees soos normaalweg.
- Alle ouers is baie welkom.
- Ingang: R10 per persoon

Die leerlinge trek soos volg aan:

- Koedoes – rooi
- Gemsbokke – geel
- Elande – wit

(Die indeling vind plaas op die eerste skooldag).

Herhalende aktiwiteitsrooster vir kwartaal 1:

Die herhalende aktiwiteitsrooster is 'n strukturele program van ons weeklikse oefentye en aktiwiteite en word vir u aangeheg.

HERHALENDE AKTIWITEITSROOSTER VIR KWARTAAL 1 - 2024

MAANDAG **Trompoppies kry voorkeur**	DINSDAG	WOENSDAG
13:30 - 14:00 Trompoppies gr RRR-R	13:30 - 15:00 Netbal 0/10 en 0/11	13:30 - 14:15 Mini landsdiens Gr RRR-R
13:30 - 14:00 Trompoppies juniors & seniors	13:30 - 15:00 Rugby 0/9; 0/10; 0/11	13:30 - 14:30 Koor juniors
13:45 - 14:45 Atletiek (kry voorkeur)	13:30 - 14:30 Mini-netbal	13:30 - 14:30 Koor seniors
13:30 - 15:00 Netbal 0/10 en 0/11	13:45 - 14:45 Atletiek (kry voorkeur)	14:30 - 15:30 Landsdiens juniors & seniors
13:30 - 15:00 Rugby 0/9; 0/10; 0/11	14:00 - 14:30 Dans Level 1 Gr 6 & 7	14:30 - 15:30 Redenaars
13:30 - 14:30 Redenaars	14:30 - 15:00 Dans Level 1 Gr 1, 2, 3	17:00 - 18:00 Pumaki Rugby
15:00 - 16:30 Netbal 0/12 en 0/13	14:30 - 15:00 Middelafstande (kry voorkeur)	
15:30 - 16:00 Dans Level 2	15:00 - 15:30 Dans Level 1 Gr 4 & 5	
16:00 - 16:30 Dans Level 3 - 5	15:00 - 17:00 Rugby eerstes	
15:00 - 17:00 Rugby eerstes	15:00 - 16:30 Netbal 0/12 en 0/13	
17:00 - 18:00 Pumaki Rugby	16:00 - 17:00 Fietsry XCO	
	MINI NETBAL VIR GR. 1-3 BEGIN 13 FEBRUARIE, GR. R BEGIN 5 MAART	
AL DIE AKTIWITEITE BEGIN 5 FEBRUARIE	**FIETSRY** - TWK SKOLE REEKS BEGIN KWARTAAL 3	**REDENAARS** BEGIN 22 JANUARIE
REDENAARS BEGIN 22 JANUARIE	AL DIE ANDER AKTIWITEITE BEGIN WEEK VAN	**KOOR** BEGIN 31 JANUARIE
PUMAKI RUGBY BEGIN 4 MAART	5 FEBRUARIE	**PUMAKI RUGBY** BEGIN 4 MAART

DONDERDAG		
13:30 - 15:00 Netbal 0/10 en 0/11		
13:30 - 15:00 Rugby 0/9; 0/10; 0/11		
13:30 - 14:30 Mini-netbal		
13:45 - 14:45 Atletiek (kry voorkeur)		
14:00 - 14:30 Dans Level 1 Gr 6 & 7		
14:30 - 15:00 Dans Level 1 Gr 1, 2, 3		
14:30 - 15:00 Middelafstande (kry voorkeur)		
15:00 - 15:30 Dans Level 1 Gr 4 & 5		
13:30 - 15:00 Rugby 0/9; 0/10; 0/11		
15:00 - 17:00 Rugby eerstes		
15:00 - 16:30 Netbal 0/12 en 0/13		
16:00 - 17:00 Fietsry XCO		
MINI NETBAL VIR GR. 1-3 BEGIN 13 FEBRUARIE, GR. R BEGIN 5 MAART		
FIETSRY - TWK SKOLE REEKS BEGIN KWARTAAL 3 AL DIE ANDER AKTIWITEITE BEGIN WEEK VAN 5 FEBRUARIE		

Twee nuwe toepassings:

Soos u reeds weet het ons na ‘n nuwe finansiele sisteem oorgeskuif. Met die nuwe sisteem skuif ons ook na 2 nuwe toepassings in 2024 wat die D6 toepassing vervang.

Karri Payments (toepassing 1)	Edupac Parent Portal (toepassing 2)
Hierdie toepassing vervang die finansiële gedeelte vir betalings.	Hierdie toepassing vervang die kommunikasie gedeelte.
Wanneer u die toepassing afgelaai het, moet u asb. ‘n profiel skep. Skep u profiel met dieselfde e-pos adres wat die skool gebruik om met u te kommunikeer. Indien u reeds ‘n Karri-gebruiker is kan u net normaal inteken.	Die inligting kan op enige rekenaar of selfoon besigtig word – geen toepassing word vereis nie. Indien u die toepassing op u foon afgelaai het, moet u asb ‘n profiel skep. Skep u profiel met dieselfde e-pos adres wat die skool gebruik om met u te kommunikeer.
Kies **Secunda Laerskool** op die lys van skole	
Voordele: • Kontantlose sisteem • Integreer met enige Suid-Afrikaanse bank • Veiligheid en sekuriteit word verseker en word deur Nedbank bestuur • Gekoppel per leerder en nie meer aan ouer se naam nie • Integrasie met nuwe finansiele sisteem (Edupac)	Voordele: Kommunikasiekanaal tussen die ouers, rekeninghouers, onderwysers, beheerliggaam en die skool • Besigtig alle kommunikasie en rekeningstate • Die portaal is ten volle geïntegreer met die Edupac stelsel

Indien u enige probleme of navrae het kan u met Wilmarie of Nadia kontak maak by ons finansiële kantoor.

Wynveiling

Ons is opgewonde om u uit te nooi na ons skool se jaarlikse wyn- en kunsveiling op, 1 Maart 2024, wat plaasvind ter ondersteuning van ons liefdadigheidsfonds. Hierdie aand is ‘n geleentheid vir gemeenskapsbetrokkenheid en om fondse in te samel vir ‘n goeie doel.

Bespreek sommer nou al u plek by skakel@secundalaer.co.za

Naskool

Mnr. Klaus von Wielligh en mnr. Roelof Steyn is ons nasorgsentrum se hoofde.

Die nasorg sal daagliks oop wees tot en met 17:30.

Kontaknommers vir die naskoolsentrum:

Mnr. Roelof – 074 578 0177

Mnr. Klaus – 082 301 9238

Laerskool Secunda dagboek

Elke leerder vanaf graad 1 tot 7 ontvang ‘n Laerskool Secunda dagboek. U moet asb. elke dag saam met u kind deur die dagboek gaan. Teken asb die dagboek waar van toepassing en gee die inligting deur soos aangedui. (kontaknommers, ouer inligting, gedragskode ens.)

Ons doen ‘n beroep op u as ouers om tyd te neem om, saam met u kind, hierdie dagboek deur te gaan. Die dagboek bevat waardevolle inligting met betrekking tot elke aspek van die skool.

Spoedgrens:

Kom ons hou asb by die spoedgrens van 30km per uur in die buurt by ons skool. Ons leerders se veiligheid is vir ons bo-aan ons prioriteitslys.

EENRIGTING VERKEER

ONS HANDHAAF ‘N EENRIGTING IN RISSIKSTRAAT VANAF DIE HERVORMDE KERK

soggens vanaf 06:50 tot 08:00

en

smiddae vanaf 13:00 tot 13:45

Eerste skooldagfoto’s

Op Dinsdag, 23 Januarie 2024, word ons graad 1’s se eerste skooldagfoto’s geneem. Die leerders moet asseblief netjiese somerskooldrag aantrek en skoene. Elke leerling sal ‘n A5-foto ontvang.

Die klokluiseremonie sal ook Dinsdag plaasvind. Die foto’s wat geneem word sal beskikbaar wees op ‘n skakel wat aan u deurgegee sal word.

Swem

Sterkte aan al ons swemmers wat Saterdag, 20 Januarie 2024, aan ‘n swemgala in Middelburg deelneem.

Indien u enige verdere vrae het, skakel ons gerus op die verskeie platforms wat vir u beskikbaar is. Ons sien daarna uit om ‘n lang en gunstige verhouding met u te bou en om die pad na sukses, saam met u en u kleinwenner, aan te pak.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF